DEEL 117 | WEEK 5 | 31 JANUARIE 2025 | R5

HEILBRON HERALD

IF IT'S NOT IN THE HERALD, IT IS ONLY A RUMOUR

# Nuwe Komitee wil dorp regruk



Heilbron, 'n dorp met 'n ryk geskiedenis en trotse gemeenskap, het die afgelope jare agteruitgegaan. Waar inwoners eens trots was op hul skoon strate en netjiese omgewing, het onnetheid nou oorgeneem. Papiere en rommel word die strate vol gestrooi, geboue verval, en straatname is of gesteel of verlore. Hierdie onaanvaarbare situasie het egter 'n paar ywerige inwoners aangespoor om 'n verskil te maak – en so is 'n nuwe komitee gestig met die doel om Heilbron te herstel tot sy eertydse prag.

Die inisiatief het begin met Wendy Roos, eienaar van Salon Geody, wat besef het dat iets gedoen moet word. Sy het Lanzo Soothill, voorsitter van die plaaslike museum, genader aangesien hy reeds bewys het dat samewerking en harde werk suksesvol kan wees. Sy inisiatief om die museum op te knap en die gemeenskap daarby te betrek, het hom die ideale persoon gemaak om die dorp se herstelprojek te help dryf. Met sy ervaring en gemeenskaps-betrokkenheid het Lanzo besluit om die bal aan die rol te sit en 'n groep mense bymekaar te bring wat die dorp se lot ter harte neem. Hyt 'n paar mense gekontak om te help met die uitdaging. Sommige kon nie direk op die komitee dien nie, maar het hul ondersteuning en hulp aangebied waar hulle kon. Volgens Lanzo is dit noodsaaklik dat die inwoners van Heilbron self verantwoordelikheid neem vir hul dorp se welstand. Hy noem dat ander dorpe wat reeds komitees gestig het baie suksesvol is en mens duidelike verandering kan sien. Heilbron het egter nie die voordeel van groot besighede soos Reitz nie, waar VKB en ander finansiële instansies bydra tot infrastruktuur en skoonmaakprojekte. Daarom is hierdie gemeenskapsinisiatief van kritieke belang om Heilbron weer op die been te kry. Die komitee beoog om 'n georganiseerde plan van aksie te ontwikkel, insluitend skoonmaakprojekte, die herstel van straatname, en samewerking met plaaslike besighede, skole en owerhede. Hulle erken dat die pad na herstel lank is, maar hulle hoop dat meer inwoners betrokke sal raak en die beweging sal ondersteun.

"Ons almal woon hier, ons almal wil 'n verskil sien. Kom ons staan saam en doen iets fantasties!" sê een van die komiteelede. Hierdie projek is 'n kans vir die mense van Heilbron om saam te werk en 'n dorp te skep waarop almal weer trots kan wees. “Ons het die potensiaal om ons dorp terug te bring na wat dit eens was – 'n plek waarop ons almal trots kan wees,” sê Lanzo. “Dit verg net 'n samewerking van die gemeenskap.” Daar is steeds plek vir nuwe lede om by die komitee aan te sluit. Elke bydrae – groot of klein – maak 'n verskil. Heilbron is besig om 'n nuwe hoofstuk te skryf, en elke inwoner het die geleentheid om 'n aktiewe rol te speel. Kom ons bou ons dorp weer op – saam!

*Komitee lede op die foto agter: Abrie Watson, Danie Knoetze, Piet Lombard en Lanzo Soothill (Voorsitter). Voor: Mari Myburgh, Tracy Jacobs en Mandla Makhanya. Afwesig: Louise Snyman (Tesourier), Uaiden Schoeman (Onder Voorsitter), Rushaude Lottering (Sekretaris) en Robert Ferendale.*









# Nuus uit Ringerstraat Jeugsorgsentrum:

## - Adoptions • Aannemings -

Engo

Eternal hope • Ewige hoop • Tshepo esafeleng

*Vir eie - vir altyd, Forever home, Lehae ka mehla"*

In November, Adoptions were celebrated and in the beginning of this year, we looked at the sub-programmes of Engo. Here are more information, for those who wants to make adoption an option.

**1. Who are Engo Adoptions?**
• Program of Engo Free State
• Accredited adoption agency (11/1/1/4/4-33/20) and designated Child Protection Organisation (W4/1/3/2/2/1/3) and NPO (137-975 NPO)

**2. What is Adoption?**
It is a forever home…

Adoptable children need a safe, healthy and stable home where they can be nurtured and cared for by parents who can provide a loving home with supportive relationships that will last a lifetime.

**3. Legal implications of Adoption**
• The child becomes the child of the prospective adoptive parents
• The adoptive parents have all the legal rights and responsibilities.
• Get a new birth certificate with the name and surname that fits the adoptive family.
• Origin inquiries

**4. Who may adopt?**
The Children's Act, Act 38 of 2005 provides examples of who may adopt;
• Single persons (widow, widower, unmarried, divorced)
• Those in long-term relationships e.g. life partners, married couples
• Older than 18 years but younger than 50 years
• Persons who are fit, proper, and willing to be entrusted with rights and responsibilities toward a child
• Persons who were assessed by an adoption social worker to comply with the requirements
• South African Citizens or those with permanent residency in RSA

**5. What is the adoption journey for the prospective adoptive parents?**
• Information session with adoption social worker to discuss adoption, criteria for adopting, and answer questions to assist parents in making a final decision on being prospective adoptive parents.
• A screening process that includes completing documentation, office interviews, home visits, and contact with references.
• Preparation session to empower prospective adoptive parents on issues regarding adoption e.g. how to tell a child he is adopted
• Emotional support
• Aftercare services

**For more information contact Engo Adoptions at 051 522 6914 / 079 057 4597 Magda de Beer magda@engo.co.za**

# Vrystaat Landbou sal alles in stryd werp om eiendomsreg te beskerm

• Vrystaat Landbou

Na maande van afwagting is die Onteieningswet deur president Ramaphosa onderteken, maar Vrystaat Landbou (VL) is van mening dat die wet nie die grondwetlike toets sal slaag nie.

Die organisasie wys daarop dat die wet se definisie van "onteiening in die openbare belang" vaag is en subjektief toegepas kan word. Francois Wilken, president van VL, meen die Onteieningswet is irrasioneel aangesien dit alle bates (nie net grond nie) vir onteiening teiken teen 'n vergoeding van R0. Verder plaas dit die onregverdige las op die slagoffers van onteienings om die koste van besware en regshersienings te dra. "Die staat gebruik jou eie belastinggeld om teen jou te veg, terwyl jy die volle rekening betaal," verduidelik Wilken.

Die vae en verreikende bepalings van die wet skep ruimte vir magsmisbruik en korrupsie op alle regeringsvlakke. "Die toepassing van die Onteieningswet kan ekonomiese en politieke chaos tot gevolg hê, omdat dit toelaat dat enige persoon se bates geteiken kan word – van 'n arm bestaansboer tot 'n regter van die konstitusionele hof, of selfs politieke teenstaanders," waarsku Vrystaat Landbou.

President Ramaphosa is reeds uit verskeie oorde versoek om die wet na die Grondwethof te verwys. Hy het egter nie hieraan gehoor gegee nie – "waarskynlik omdat hy weet die wet is ongrondwetlik, maar nie die moed het om Suid-Afrikaners teen die ANC se ideologie te beskerm nie.' sê Wilken. Nou word dit aan die burgers van Suid-Afrika oorgelaat om hul regte op eiendom te verdedig, en Vrystaat Landbou sal deel van hierdie stryd wees.

Vrystaat Landbou meen verder dat daar 'n politieke vakuum in die land ontstaan het. Die voormalige opposisiepartye in die RNE het hul kritiese stem verloor en bied nie meer daadwerklike teenkanting teen die regering se beleid nie, terwyl die ANC voort stoomroller met hul planne. Suid-Afrika sit dus met verkose verteenwoordigers wat geen visie of rigtinggewende beleid bied nie.

Tydens die 2024 verkiesing is kiesers beloof dat die opposiesblok 'n sogenaamde oordeelsdagkoalisie sou stuit. Nou is hulle deel van die kabinet wat 'n oordeelsdagbeleid deurvoer. Die vraag is: waarom is hierdie partye deel van die regering as hulle geen invloed op beleidsbesluite het nie?

Vrystaat Landbou beklemtoon: "Ons sal alles binne ons vermoë doen om eiendomsreg op landbougrond te beskerm. Hoewel ons fokus tans op landbougrond is, glo ons dat hierdie kwessie ook ander sektore sal raak."

# UIT DIE PEN: Week 5

Ek het so jaar of twee gelede vertel van my skoolhouloopbaan. Julle moes saam met my die hele toer meemaak. Ek het vertel van ons Groot Trek Pretoria toe. In daardie dae het 'n ou kennis gebel.

"En hoe vind jy Pretoria?" wil hy weet.

"Ek vind nog niks, want ek bly verdwaal."

Gelukkig is dit darem nou iets van die verlede. Dis net die vreemde bestuurders wat my so af en toe warm onder die kraag het.

Toe ons uit ons oos-Vrystaatse dorpie Pretoria toe trek, moes ek my werk bedank. Ek het die Here gevra vir nuwe werk in Pretoria.

"Maar Here, ek wil asseblief net nooit weer skoolhou nie." En om my te vermaak, moes ek vir vir 21 maande by 'n meisieskool gaan skoolhou. Daar was alles wat kon oop- en toemaak. En as jy nog iets nodig het, kry drie kwotasies en motiveer hoekom jy dit nodig het.

Wow. So anders as die plattelandse skole waarmee ek te doen gehad het.

My klas was massief groot: aan die agterkant was die laboratorium en aan die voorkant van die klas was banke, 'n swartbord en digitale projektor. En 'n *visualiser.* Ek weet nie wat dit in Afrikaans was nie.

Die beste was die laboratorium assistent. Ek het haar sommer Lyntjie genoem. Sy sou vir elke onderwyser wat Lewenswetenskappe, Natuurwetenskappe en Fisiese Wetenskappe gee, 'n rooster saamstel. Dag 1 periode 2 sal sy by Juf X wees vir 'n Lewenswetenskappe demonstrasie. Dalk iets soos 'n skaaphart. Periode 4 sou sy alkene en alkane voorberei. By periode 6 doen sy 'n eksperiment oor statiese elektrisiteit. Sy en Lizzie. Na afloop van die eksperiment is die klas weer silwerskoon.

Ek en Lyntjie het, sonder dat ons dit ooit bespreek het, saam-saam die prakties aangebied. Ons altwee het tussen die kinders beweeg en gehelp waar ons kon en verduidelik soos ons aangaan. Saam gelag. Stoom afgeblaas.

Nadat ek einde 2018 by die skool weg is, het ek en Lyntjie moeite gedoen om in kontak te bly. So af en toe iets gaan drink. So het 2024 verloop sonder dat ons mekaar gesien het. Aan die einde van Desember verlede jaar het ons op 'n datum ooreengekom: ons sal mekaar die derde Saterdag in Januarie iewers ontmoet.

Intussen het die lewe gebeur, maar ons was vasbeslote: die derde Saterdag in Januarie. Ons ontmoet mekaar vir middagete. Ons gesels en gesels en gesels. Die restaurant se kombuis maak later toe, maar ons gesels voort. Later stap ons tot by my kar, en gesels steeds. Toe ek by die huis kom, voel my hart weer vol. Ek het so lank hierop gewag: om weer met 'n vriendin te gesels. My vriendinne is ver en ek sukkel om vriende in Pretoria te maak. Dalk is ek te oud daarvoor. Dalk probeer ek te hard.

Want nes ek dink dat ek nou vriende gemaak het met 'n kollega, word ander kollegas uitgenooi om saam met hulle te gaan eet. Nie ek nie. Of ander kollegas kry 'n dankiesê sjokolade, maar nie ek nie. Verstaan my mooi: dit pla my nie dat my naam nie op die koek-en-teelysie is nie. Dit pla my omdat ek so graag 'n vriendin hier in Pretoria wil hê, maar dit lyk nie of ek vriende kan maak nie.

Wanneer iemand sê dat ons saam moet gaan koffie drink, is dit Pretoriaans vir "ek hoop nie ek word eendag sò dors nie." Daarmee het ek ook al vrede gemaak.

Ek het al baie gesê dat mens iemand met 'n vel nodig het. Dis goed en dit is 'n voorreg om vriende te hê, al bly hulle ver van jou af. Soms het mens net nodig om iemand se vel te voel, en dit is vir eers genoeg.

Ek het dit tydens covid agtergekom. Ons mag mos nie aan ander gevat het nie. Geen bladskud of drukkie (nie slobberige soene nie, daai was al lankal iets van die verlede) nie.

Net na die opheffing van die inperking het ons in ons Oos-Vrystaatse dorpie gaan kuier. Vooraf het ons vars plaasmelk by 'n boer bestel. Ons het boer se vrou langs die pad gekry. Toe ons stop, storm sy nader en gooi haar arms wyd oop. Dit was die heerlikste druk wat ek nòg gekry het. Nadat ons vir weke (of maande?) nie aan mekaar kon geraak het nie.

Dieselfde met vriende wat naby jou bly. Ek nodig af en toe iemand met 'n vel. Ek skryf in 2025 oor wense. Hiermee wens ek dat elkeen van ons ten minste



een mens met 'n vel naby ons sal hê. Ek waardeer elke vriend of vriendin wat ver bly. Ons kan mekaar gou bel, ek weet. Maar dit vat so lank om tot by jou te kom vir die drukkie wat ek nòù nodig het. Of dalk vir die oogkontak wat ek so begeer. Ek wens dat elkeen iewers met hulle Lyntjie die stukkies kan optel en weer kan gesels asof daar geen ruimte en tyd tussen ons was nie.

My binnekant nodig dit. Ek dink ons almal se binnekante nodig dit.

As jy vir iemand 'n vriend of vriendin is, wil ek graag vir jou dankie sê. Jy is kosbaar vir daardie persoon.

As jy 'n vriend of vriendin het, gaan sê vir hulle dankie.

Ons pluk hulle nie van elke boom af nie. En sommige bome dra maar vreemde vrugte. En stinkerige vrugte.

Ek wens dat ons vir mekaar sal dra en sal ondersteun.

Soos ou vriende doen.

# Heilbron Huis- & Tuinbouklub skop 2025 op 'n hoë noot af

Op Woensdag, 22 Januarie 2025, het Heilbron Huis- & Tuinbouklub, met vol moed, entosiasme, nuwe gesigte en positiewe gesindheid die Nuwe Jaar op 'n hoë noot afgeskop.

Dames van naby geleë dorpe het die oggend saam kom kuier en gesellig verkeer.

Mari Myburgh het ge-open met 'n toepaslike stukkie dat die Here ons "Brood vir die Lewe" is.

Sonder "brood" kan ons nie bestaan en elke dag krag ontvang nie. Brood is ons stapelvoedsel.

Om daarby aan te sluit het Magda Piater 'n demonstrasie gegee oor die bak van brood, met suurdeeg. Die gebruik van suurdeeg se voordeel is, dat die fermentasietydperk langer is, en in hierdie tydperk word die meeste van die gluten afgebreek. Dit is baie meer gesonder en word makliker verteerbaar in die liggaam.

Die denkbeeldige "plantjie" word eers gemaak deur 50g meel met 50g water te meng en oor 'n tydperk van 14 dae konstant gevoer, deur weer meel en water by te voeg.

1:1:1 Voedingsverhouding word gebruik om die "plantjie" aktief te hou, sodat daar met hom gebak kan word. Laat in kamerteperatuur rys (bedek) tot borrelend, aktief en dubbel sy grootte.

Wanneer die "plantjie" verdubbelde stadium bereik het, is hy reg om gebruik te word in jou bakmengsel. Wanneer jy daagliks wil brood bak, kan die "plantjie" daagliks gevoer word, of slegs 1 keer per week, afhangende van jou behoefte en eetgewoonte.

Hierdie "plantjie" raak soos 'n persoonlike, versorgende baba in die huis en soms word dit gedoop met 'n naam. Om met deeg te werk is terapeuties. Skep 'n bietjie van jou suurdeeg-kultuur uit en deel dit met 'n geliefde. Spandeer tyd met hulle om die die liefde te kweek en kweek ook so 'n mooi verhouding met mekaar en ons Vader.

Na afloop van die vergadering is daar heerlik aan die brode gesmul.

Die 2025 jaarprogram is voorgelê aan die dames, net om te verseker hulle is geinspireer vir die res van die jaar. 'n Gedig is voorgelees en tuinwenke vir Januarie-maand is gedeel.

Dames word hartlik uitgenooi om deel te word van Heilbron Huis- & Tuinbouklub. Ledegeld beloop R 400 per jaar en beloof om 'n opwindende tuinbou-jaar te wees!





BASIESE BROODRESEP

100 g aktiewe suurdeeg
500 g broodmeel
2 t sout
350 g water

Autolyse (meel en water).

Meng suurdeeg by bogenoemde; wag 10 minute om sout by te voeg.

Strek en vou 4 keer (ongeveer 30 minute intervalle).

Laat rys tot (amper) verdubbel. Afhangende van huistemperatuur!

Vorm en plaas in banneton of broodpan.

Laat rys (a) in die yskas oornag
(b) of tot deeg 75% "gegroei" het.

Bak in 'n warm oond (240° C) vir 20 minute, dan op 200° C vir 'n verdere 20 minute tot dit bruin genoeg is, of 'n interne temperatuur van [illegible] bereik.

Laat afkoel (bedek met 'n vadoek indien verkies) voor jy dit sny. Onthou die deeg "bak" verder, al is dit uit die oond. As jy die brood te vroeg sny, is die moontlikheid daar dat dit kluitjerig en taaierig sal wees.





*Op foto links: Magda Piater en foto regs: Magda en Erika Piater*



*TUINBOUBESTUUR: Op die foto agter vl: Elbie Els, Erika Piater, Carol Snyman en Georgina Weiss. Voor vl: Magda Piater, Mari Myburgh (Voorsitster) en Sannetjie Lombard.*

# Groot waardering vir Heilbron Mini-Epic borge




*Colett Els wil net al die borge bedank wat die dag moontlik gemaak het.*








# Lianè Greeff bekroon as Heilbron se Fraaiste Gr. 1!

Die Heilbron Herald se graad 1 kompetisie het onlangs gesorg vir groot opwinding. Dit was 'n taai en spanningsvolle stryd, maar op die ou end het die pragtige Lianè Greeff as 2025-wenner uit die stryd getree!

Met 'n indrukwekkende 470 reaksies op ons Facebook-blad teen Woensdag om 08:00, het sy die kroon verower. Kort op haar hakke, met 467 reaksies, was die beeldskone Amore Greyling – wat dit 'n baie noue kompetisie gemaak het!

Baie dankie aan elkeen wat deelgeneem en saamgejuig het! Ons wens vir Lianè en al ons pragtige graad eentjies 'n wonderlike en blink toekoms toe!

# Huppel Trippel skakel in by week van gebed





*Op die foto links Sylvia Meades en Ds Braam van Zyl. Foto regs: Van die inwoners van Huis Bron-van-Heil.*

*Ds Braam van Zyl bied vandeesweek die jaarlikse Week van Gebed aan. Tussen 40 en 50 lede het dit saam met besoekers uit die gemeenskap bygewoon. Ná afloop van die verrigtinge is gesellig saamgekuier om verversings wat deur die Huis Bron-van-Heil Bestuur verskaf is. Op 11 Februarie gaan almal wat lus is, 'n melkskommel drink by Hartklop om Valentynsdag te vier.*




*Die skoleondersteuningsentrum (SOS) se Matriekverslae vir 2024 bied vanjaar weer 'n gedetailleerde en omvattende oorsig van die hoë standaarde van onderwys. Hoërskool Heilbron het met baie harde werk 20ste geëindig onder die top 20 Kleinskole, en met Hoërskool Reitz in die 6de plek.*

# Toeskouers bederf met 560 lopies in krieketwedstryd

Die krieketliefhebbers is verlede naweek behoorlik bederf met 'n aksiebelaaide wedstryd tussen Route 66 Mustangs en Heilbron Krieketklub, waar 'n skouspelagtige totaal van 560 lopies in slegs twee kolfbeurte aangeteken is. Dit was Mustangs wat uiteindelik as oorwinnaars uit die stryd getree het.

Die wedstryd was 'n ware slagveld vir die kolwers en boulers, met 'n indrukwekkende 50 viere en 30 sesse wat die grensdrade laat sidder het. Altesaam 18 paaltjies is geneem, wat bewys dat die boulers ook hul staal gewys het.

Arno Swart was die uitblinker van die dag en het die langsteel ingelê en die skare in vervoering gehad. Hy het 71 lopies van slegs 45 aflewerings aangeteken, met 'n kragtige vertoning van 7 viere en 5 sesse. Sy bydrae het nie net sy span se telling gestoot nie, maar hy het ook met 'n uitstekende vangskoot bewys dat hy 'n ware "alrounder" is. Sy puik vertoning het hom die titel van Speler van die Wedstryd besorg. Swart is goed ondersteun deur Irfan Arshad, wat 'n stewige 63 lopies aangeteken het, terwyl Pieter Baan onoorwonne op 34 lopies agtergebly het en verdere stabiliteit aan die span verleen het.

Heilbron Krieketklub het nou hul visier gerig op hul volgende uitdaging wanneer hulle die naweek teen Sasolburg te staan kom. Die wedstryd sal by Hoërskool Heilbron plaasvind, en alle krieketondersteuners word uitgenooi om saam te kom kyk en 'n lekker braai te geniet. Dit beloof om nóg 'n opwindende kragmeting te wees!

Phillip van der Merwe en Vennote
Ingelyf in assosiasie met
Esthé Muller Ingelyf

Elsstraat 47
Heilbron
Tel: 058 852 2041
Epos: merlaw@phillaw.co.za
Whatsapp: 067 927 4552

ESTHE MULLER INC

Familieregspesialiste met meer as 30 jaar ondervinding in egskeidings, onderhoudsake en gesinsgeweld.

Gratis konsultasie in Februarie 2025 vanaf 10 Februarie 2025 tot 17 Februarie 2025.

Afsprake kan ook per whatsapp gereël word.



*Op die foto vl: Arno Swart en Pieter Baan.*

COC'S/ELECTICAL CERTIFICATE OF COMPLIANCE
WIRING & RE-WIRING
OFF-GRID SOLAR INSTALLATIONS
INDOOR/OUTDOOR LIGHTING
ULECTRIC
SOLAR AND ELECTRICAL
ELECTICAL REPAIRS
FAULT FINDING
EQUIPTMENT REPAIR
SOLAR BOREHOLE PUMPS
BACKUP SYSTEMS
Jannie 072 279 9299
WE DO COMMERCIAL AND RESIDENTIAL
Ulectric 084 499 9937

# KENNISGEWINGS

## KENNISGEWING

Kennisgewing in die **BOEDEL VAN WYLE JOHANNES PHILIPPUS NAUDE, Identiteitsnommer: 440611 5012 08 5,** in lewe 'n Pensionaris woonagtig te Uniefeesstraat 06, Reitz, 9810, Wewenaar.

**DATUM VAN AFSTERWE: 04 Desember 2020**
**BOEDELNOMMER : 006140/2021**

KENNIS GESKIED HIERMEE dat die Eerste en Finale Likwidasie- en Distribusierekening in bostaande boedel ter insae sal lê by die kantore van die Meester van die Hooggeregshof, **BLOEMFONTEIN,** en die Landdros te **REITZ** vir 'n periode van 21 (EEN EN TWINTIG) dae vanaf datum van hierdie kennisgewing.

Indien geen besware daarteen by die Meester van die Hooggeregshof of by die Landdros binne die gemelde tydperk ingedien word nie, sal die Eksekuteur tot die uitbetaling daarvolgens oorgaan aan Debiteure en Krediteure om bedrae aan die boedel verskuldig te betaal en eise teen die Boedel in te dien binne 30 (DERTIG) dae vanaf publikasie hiervan by onderstaande adres:

**MNRE BLIGNAUT & WESSELS**
**SAREL CILLIERSSTRAAT 29**
**POSBUS 6, REITZ, 9810**

## KENNISGEWING

Kennisgewing in die **BOEDEL VAN WYLE MARTHA JOHANNA BAM, Identiteitsnommer: 340529 0002 08 6,** in lewe 'n Pensionaris woonagtig te Huis Sorgvry, Clarkstraat, Reitz, 9810, Weduwee.

**DATUM VAN AFSTERWE: 14 AUGUSTUS 2022**
**BOEDELNOMMER : 010447/2022**

KENNIS GESKIED HIERMEE dat die Eerste en Finale Likwidasie- en Distribusierekening in bostaande boedel ter insae sal lê by die kantore van die Meester van die Hooggeregshof, **BLOEMFONTEIN,** en die Landdros te **REITZ** vir 'n periode van 21 (EEN EN TWINTIG) dae vanaf datum van hierdie kennisgewing.

Indien geen besware daarteen by die Meester van die Hooggeregshof of by die Landdros binne die gemelde tydperk ingedien word nie, sal die Eksekuteur tot die uitbetaling daarvolgens oorgaan aan Debiteure en Krediteure om bedrae aan die boedel verskuldig te betaal en eise teen die Boedel in te dien binne 30 (DERTIG) dae vanaf publikasie hiervan by onderstaande adres:

**MNRE BLIGNAUT & WESSELS**
**SAREL CILLIERSSTRAAT 29**
**POSBUS 6, REITZ, 9810**

VORM JJJ

## VERLORE OF VERNIETIGDE TITELBEWYS

Hiermee word kennis gegee dat kragtens die bepalings van Regulasie 68 van die Registrasie van Aktes Wet, 1937, dit die voorneme is om aansoek te doen om die uitreiking van 'n gesertifiseerde afskrif van **T3966/1995** gepasseer deur **JACOBUS IGNATIUS SCHEEPERS, Identiteitsnommer 130104 5015 08 9** en **LYDIA SCHEEPERS, Identiteitsnommer 140618 0020 08 1,** Getroud binne gemeenskap van goedere met mekaar ten gunste van **JAN GIDEON HEYNS, Identiteitsnommer 455715 5004 00 5,** Ongetroud ten aansien van sekere Erf 1024, geleë in die dorp en distrik REITZ wat verlore geraak het of vernietig is.

Alle belanghebbendes wat teen die uitreiking van sodanige afskrif beswaar het, word hierby versoek om dit skriftelik in te dien by die Registrateur van Aktes: Vrystaat te Bloemfontein binne twee weke vanaf datum van publikasie van hierdie kennisgewing.

Gedateer te Reitz op hede die 14de dag van Januarie 2025.

**BLIGNAUT & WESSELS PROKUREURS**
**SAREL CILLIERSSTRAAT 29, REITZ, 9810**
**bligwes07@gmail.com**
**TEL: 058 863 2884 / 5**









# DIENSTE


**BAAL / SNY & BAAL**
Vir die maak van voer, vanaf sny tot baal of slegs baal. 1.2m bale (tou/net). Velde of wenakkers.
Petrus Steyn, Frankfort, Heilbron en Lindley.
KONTAK JACO MEIRING
082 851 6158 OF
PIET MEIRING 082 571 4191
peerlandhandel@gmail.com


**BIBLIOTEEK OOP**
*Piercestraat 66 • Heilbron*
**Heilbron Biblioteek is VYF DAE per week oop vir die publiek en die tye is as volg:**
**Maandae tot Vrydae** - 09:00 - 13:00 (Volwassenes) en 14:00 - 17:00 (Kinders)
***Biblioteek is gesluit op Saterdae, Sondae & openbare vakansiedae.***

Vir enige nuus en advertensies vir die Heilbron Herald


HEILBRON EIENDOMME
**Annelize: 082 331 9856**
**Marilize: 072 180 4113**
Kerkstr. 40 | Heilbron
Tel: 058 852 2035/4 ?7

FOR SALE

NUUT IN DIE MARK:
Hierdie huis is geleë in 'n goeie area naby die skool.
Huis bestaan uit:
- 4 slaapkamers met ingeboude kaste.
- 2 Badkamers
- Ruim sitkamer
- Woonkamer
- Eetkamer
- Kombuis
- Enkel motorhuis met afdak.
- Buite geboue wat gebruik kan word as 'n woonstel.
- Groot erf met 'n swembad.

R1 000 050

VEGKOP:
Uiters netjiese huis!!!
- Nuut uitgeverf.
- Vloere, plafonne en badkamers nuut oorgedoen.
- 4 Lieflike sonnige slaapkamers met ingeboude kaste.
- Hoofslaapkamer het 'n *suite* met 'n groot aantrekkamer.
- 1 1/2 badkamer.
- Groot sitkamer.
- Eetkamer
- Groot kombuis met aparte. opwas- waskamer.
- Dubbel motorhuis met groot dubbel afdak.
- Veilig omhein.
- Alarmstelsel en "beam" buite om die huis.

R1.5 Miljoen

KONTAK AGENTE VIR MEER INLIGTING OF BESIGTIGING.

***DRINGEND OP SOEK NA HUISE OM TE BEMARK EN TE VERHUUR (RESIDENSIËEL SOWEL AS BESIGHEIDSGEBOUE).***



64 Els straat, Heilbron
Hoek van Els en Oranje Straat
Google: Alpha Dierekliniek en Veedienste
082 557 1661
ontvangs.alphadk@gmail.com

Alpha DIEREKLINIEK & VEEDIENSTE

**OPEN FEBRUARIE 2025**

***Dienste sluit in:***

**Produksiediere:**
- Kudde Ondersoeke
- Entings en Ontwurmings programme uitgewerk vir individuele kudde
- Dragtighede op Beeste, skape en boerbokke
- Vrugbaarheid van manlike diere
- Mediese konsultasies
- Chirurgie
- Bek van diere
- Bloei van kuddes vir siektes soos Besmette Miskraam/ Besmetlike Misgeboorte
- Nadoodse Ondersoeke

**Troeteldiere:**
- Mediese konsultasies
- Chirurgie
- Entings en Ontwurming
- Tandheelkundige prosedures
  - 'Scaling and Polishing'
  - Trek van tande
- Huisbesoek

**Produkte beskikbaar:**
- Ultra Pet honde- en katkos
- Hills honde- en katkos op bestelling
- Troeteldier speelgoed, bederfies en someer
- Produksiedier medikasie
- Produksiedier entstof op bestelling


# SMALLS


**HEILBRON ROLBAL-KLUBHUIS**
Geskik vir ongeveer 70 mense.
Ingesluit volledige eetgerei, stoof en 2 oonde, gelisensieerde kroeg beskikbaar.
**Sonja Muller**
**081 849 1877**

**BAAL / SNY & BAAL ...**
Vir sny-, hark- en baalwerk.
Kontak Evert Kleynhans
072 018 3685
Heilbron

DUPNO Trading
AUGERS
GRAANDAMME
SINKDAMME
BUNKERS
AFLAAIBAKKE
Kontak:
Ryno 073 268 7565
ryno.dupno@gmail.com

**HEILBRON • EDENVILLE • FRANKFORT**
Kontak hom gerus vir enige Lewendehawe bemarking, Uit-die-hand-transaksies of veiling navrae!


# GEKLASSIFISEERD


**Die Heilbron Herald word uitgegee en gedruk deur die eienaars Heilbron Herald (Edms) Bpk, Elsstraat 44, Posbus 166, Heilbron**
**Tel: 058 852 3033/4/5 • Faks: 058 853 0140**
**www.heilbronherald.co.za**
**E-POS ADRESSE**
• **Abrie Watson** abrie@heilbron.co.za
• **John Watson** john@heilbron.co.za
• **Winkel** heraldwinkel@heilbron.co.za
• **Kobus** kobuss@heilbron.co.za (Wyeformaat produksiebestuurder) WhatsApp Nr. 081 889 8192
• **Silma** marketing@heilbron.co.za herald@heilbron.co.za (Korporatiewe klere, oorpakke, kommersiële drukwerk ens.) WhatsApp Nr. 083 495 5512
• **Carien** heraldgraphics1@heilbron.co.za - (Kommersiële drukwerk & koerantbydraes)
• **Delareyz** finance@heilbron.co.za - (Rekenings, state ens.)
• **Christelle** heraldoffice@heilbron.co.za - (Bestellings ens.)
• **Cara** heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
• **Elsabé** heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.) WhatsApp Nr. 078 857 2106
• **Hendie** heraldnuus@heilbron.co.za - (Koerantbydraes, advertensies)
**Koerant sirkuleer in Heilbron, Petrus Steyn, Frankfort , Reitz en asook digitaal versprei op Heilbron se Facebook-blad en webwerf.**


***Menings en opinies wat uitgespreek word in briewe en rubrieke, is dié van die individue en weerspieël nie noodwendig die siening van die redaksie nie.***




HERALD Sport

# Wilman kom sterk deur



*Verlede naweek se wenners: vl. Pieter van Staden, Willie Matthee en ds. Willem van Schalkwyk.*

Willie Matthee het Saterdag gewys dat sy gholftalent nie mis gekyk moet word nie toe hy die plaaslike IPS-kompetisie met 46 punte gewen het. Hiermee het hy ook in die proses vir hom 'n plek in Heilbron se Rydercup span los gespeel. Hy het tien houe beter as sy voorgee gespeel wat ook tot gevolg het dat sy voorgee dramaties gesny gaan word.

Pieter van Staden se handrem was ook los. Hy kom tweede met 41 punte.

Ds. Willem Van Schalkwyk was bestendig met 37 punte wat hom in die derde plek plaas.

Die naweek word daar weer vir die mug gespeel en word spanlede aangemoedig om te kom speel. Die Rydercup word volgende naweek teen Frankfort op hulle baan beslis.

# 2025 beloof om propvol opwinding en mededinging te wees



Die SENSAKO Boerevereniging Challenge het verlede week met groot opwinding afgeskop. Hierdie gewilde rolbaltoernooi het vanjaar 16 spanne gelok, wat beloof om propvol opwinding en mededinging te wees.

Wat hierdie jaar se uitdaging besonder interessant maak, is die teenwoordigheid van twee damesspanne - die Hoogte Damesspan en Die Rosies van Gottenburg. Die insluiting van hierdie spanne bring 'n nuwe dimensie tot die kompetisie en wys hoe rolbal steeds groei en verskeie deelnemers lok.

Selfs Slootkraal het 'n span bymekaargekry en is gereed om hul merk te maak op die baan. Onder die spanne om dop te hou, tel die Gottenburg Broodjies en die Edenvillers, met 'n paar ander buiteperde wat dalk nog kan sorg vir 'n verrassing.

Elke Donderdagaand vanaf 18:00 word die wedstryde gespeel en bring dit die gemeenskap bymekaar vir 'n aand van sport en geselligheid. Rolbal is nie net 'n kompetisie nie, maar ook 'n geleentheid vir spelers en ondersteuners om te sosialiseer en die sport te geniet.

Vier spelers van die Heilbron Rolbalklub sal ook die Noord-Vrystaat verteenwoordig teen Noordwes in Welkom. Dit is 'n groot eer vir hierdie spelers en 'n bewys van hul talent en toewyding aan die sport.

Met die toernooi wat belowe om vol aksie en opwinding te wees, is dit duidelik dat rolbal 'n stewige plek in die gemeenskap het. Mag die beste span wen!

BKB
The Trusted Home of Agriculture
Die Betroubare Tuiste van Landbou
BELANGRIKSTE veilings
MAANDAG - 3 FEBRUARIE 2025
BADPLAAS Weeklikse veiling
Kontak Themba Shongwe 076 557 9346
WARDEN Maandelikse veiling
Kontak Francois Duminy 082 528 1899
DINSDAG - 4 FEBRUARIE 2025
DEVON Weeklikse veiling
Kontak Jurg Haywood 082 578 6241
NEWCASTLE Maandelikse veiling
Kontak Trevor Ehrens 064 850 2930
GROENVLEI: BERTUS BURGERS BOVELDER PRODUKSIEVEILING
11:00, Groenvlei veilingskrale
Kontak Boetjan vd Wath 072 626 9242
WOENSDAG - 5 FEBRUARIE 2025
BULTFONTEIN twee-weeklikse veiling
Kontak Louwtjie Bezuidenhout 082 827 7443
FOURIESBURG Maandelikse veiling
Kontak Schalk Burger 076 070 1411
WITBANK Weeklikse veiling
Kontak Rocco v Rooyen 082 799 2776
DONDERDAG - 6 FEBRUARIE 2025
FRANKFORT Weeklikse veiling
Kontak Deon Stegmann 079 878 2109
KROONSTAD Weeklikse veiling
Kontak Schalk Jonker 073 007 0022
ERMELO Weeklikse veiling
Kontak David Harris 082 573 7979
DUNDEE Twee-weeklikse veiling
Kontak Enrico Williams 078 937 0923
KAALLAAGTE Maandelikse veiling
Kontak Christiaan Louw 072 851 3674
VRYDAG - 7 FEBRUARIE 2025
BETHLEHEM Weeklikse veiling
Kontak Schalk Burger 076 070 1411
STANDERTON Weeklikse veiling
Kontak Carel Davel 082 331 1811
POTCHEFSTROOM Weeklikse veiling
Kontak Salty de Villiers 073 816 4956
BLOEMFONTEIN: VREDESIG & VRIENDE Suffolk skape
11:00, Be Human
Kontak John-Dee Havenga 082 333 2668
SATERDAG - 8 FEBRUARIE 2025
KOPPIES: MAKSI MERINO LANDSKAAP GROEP
11:00, Verdeeld
Kontak Karel du Plessis 082 826 3244
www.bkb.co.za
BKB Limited 1998/012435/06
Posbus 220, Frankfort, 9830
Tel: (058) 813 1071
e-pos: frankfort@bkb.co.za

PitStop vir Jesus bied aan
"In samewerking met God"
Spreker: Jan Curtin
8 Februarie 2025

Gratis
Ingang & Ete
NG-Suid
Kerksaal,
Heilbron
om 13:45
Bespreek teen 5 Feb
Tanya: 083 975 8264
Alet: 060 518 1775
PitStop vir JESUS

BOERE BANDE
Our quality is our pride!
24/7 SERVICES
BALANCING & WHEEL ALIGNMENT
AUTO, TRUCK & TRACTOR TYRES
FIELD SERVICES
FIT & REPAIR
BATTERIES
Heilbron, Langmarkstr. 22
058 853 0550 | After Hours: 082 552 9261
Frankfort, Barett str. 16
079 209 0750
After Hours: 079 180 4337
Villiers, Arbeider str. 1
066 422 1866
After Hours: 066 422 1866